**BEGROTING VIR WERWINGSBEURSE: 2015 TOT 2019**

Die begroting vir werwingsbeurse, soos vervat in hierdie bylae, is reeds gedurende 2014 as ŉ strategiese befondingsversoek aan die KBL, RBS en US Raad voorgelê en goedgekeur.

---

## 1. KONTEKSSTELLING

Die Werwingsbeursprojek is ŉ institusionele instrument wat beduidend bydra tot BSI-inskrywingsteikens. Die projek word in die besonder belyn met die US se strategiese doelwitte tov verbreding van toegang en bevordering van diversiteit, en in die algemeen met die regstelling van ekonomiese benadeling. Hierdie projek is geïntegreer met die omvattende voorgraadse beursmodel van die Universiteit, insluitend meriete-, fakulteits- en huisvestings-beurse, sowel as maatskappybeurse.

## 2. OORSIG: BESTAANDE WERWINGSBEURSMODEL VIR BSI-STUDENTE: 2014 TOT 2018

2.1 Die Raad het in 2013 die groei in die getal BSI-studente sowel as die persentasie werwingsbeurse wat toegeken word (soos gereflekteer word in Tabel 1) goedgekeur. Die verstandhouding was dat beduidende buite-fondse deur die US Ontwikkelingskantoor gewerf kan word ten einde die projek te finansier saam met die beskikbare US interne befondsingsbronne.

**Tabel 1: Finansiële opsomming van die Werwingsbeursprojek: 2014 – 2018 (teikens April 2013 aanvaar)**

| Jaar | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
|---|---|---|---|---|---|
| BSI-teikens | 1359 | 1475 | 1619 | 1806 | 2042 |
| **Teikens vir WBP beurse** (48% van BSI-teiken) | **665** | **722** | **792** | **884** | **999** |
| Beursaanbod (1ste Jaar)<br>(= volle klasgeld van program) | R36,100 | R39,000 | R42,100 | R45,500 | R49,100 |
| Koste van nuwe inname | R24,0m | R28,1m | R33,3m | R40,2m | R49,0m |
| Deurdrakoste: Beurse | R38,4m | R48,1m | R57,4m | R69,8m | R83,4m |
| Deurdrakoste: Lenings | R1,2m | R2,5m | R3,6m | R4,5m | R5,3m |
| **Totale koste** | **R63,6m** | **R78,7m** | **R94,3m** | **R114,5m** | **R137,7m** |
| Befondsing uit Hoofbegroting | R44,0m | R50,1m | R55,6m | R61,5m | R68,6m |
| **Jaarlikse oorskot (+) of tekort (-)**<br>Befondsing deur ontwikkelingskantoor aangevul | **-R19,6m** | **-R28,6m** | **-R37,7m** | **-R53,0m** | **-R69,1m** |

2.2 Die Werwingsbeursprojek (WBP) het in 2014 die teikengetal van 665 werwingsbeurse aan nuweling BSI-studente toegeken.

2.3 Die befondsing vir die berekende tekort van R19,6m uit geskenkte buite-fondse, soos verwag van die Ontwikkelingskantoor, het egter nie gerealiseer nie, omdat die fondswerwingsteiken waarskynlik te optimisties was.

2.4 Die tekort op werwingsbeurse wat aan nuwelingstudente belowe is, moes dus in 2014 uit die werwingsbeursreserwe betaal word, wat eintlik bedoel is vir die bekostiging van die deurdra-verpligtinge van die WBP. Dit is uiteraard nie 'n volhoubare situasie nie.

2.5 Die RBS het gevolglik die VR(L&O) opdrag gegee om:

2.5.1 Die Werwingsbeursmodel te hersien vir groter volhoubaarheid.

2.5.2 'n Strategiese voorstel na die US Raad te bring by hul sitting van 5 Mei 2014, vir die medium-termyn stabilisering van die US se werwingsbeursprogram totdat die BSI-studente-teikens vir 2018 gehaal is.

2.5.3 Meganismes in te stel sodat die werwingsbeursbehoeftes nie die US bronne oorskry nie en dat daar spesifiek gepoog moet word om die deurdra-verpligtinge van werwingsbeurse meer volhoubaar te maak.

## 3. NUWE VOORSTEL: WERWINGSBEURSLENINGSMODEL VIR BSI-STUDENTE: 2015 TOT 2019

3.1 Die Viserektor (Leer en Onderrig) in samewerking met 'n Taakspan (olv Christelle Feyt, Arrie Hanekom, Loumarie Kistner en dr Celeste Nel) het die bestaande werwingsbeursleningsmodel hersien.

3.2 Tabel 2 toon dat met sekere aanpassings van die huidige werwingsbeursleningsmodel, dit moontlik is om die jaarlikse tekorte beduidend af te bestuur.

**Tabel 2: Finansiële opsomming van voorgestelde werwingsbeursleningsmodel, 2015 - 2018 (teikens 26 Augustus 2013 aanvaar)**

| Jaar | 2014 ou model | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
|---|---|---|---|---|---|
| BSI-teikens (uitgesonderd Krygskunde) | 1359 | 1 568 | 1 749 | 1 925 | 2 155 |
| **Teikens vir WBP beurse** (48% van BSI-teiken) | **665** | **753** | **840** | **924** | **1 034** |
| Beraamde beursaanbod (1ste Jaar) (= volle klasgeld van program) | R36 500 | R39 400 | R42 600 | R46 000 | R49 700 |
| Koste van nuwe inname** | R20,6m | R25,5m | R31,1m | R37,2m | R45,3m |
| Deurdrakoste: Beurse | | R38,8m | R40,7m | R35,3m | R39,2m |
| Deurdrakoste: Lenings | | R1,0m | R11,9m | R25,0m | R34,8m |
| **Totale jaarlikse koste** | | **R65,3m** | **R83,7m** | **R97,5m** | **R119,3m** |
| Befondsing uit Hoofbegroting | R44,0m | R50,1m | R55,6m | R61,5m | R68,6m |
| **Jaarlikse oorskot (+) of tekort (-)** | ou model | **-R15,2m** | **-R28,1m** | **-R36,0m** | **-R50,7m** |
| Nota**:Maatskappybeurse eerste jaar afgetrek | 100 | 105 | 110 | 116 | 122 |
| Waarde van maatskappybeurse in eerste jaar | R3,7m | R4,1m | R4,7m | R5,3m | R6,1m |

3.3 Kwalifiserende BSI-kandidate ontvang in hul eerste studiejaar 'n werwingsbeurs wat die volle studiegeld (klasgelde) dek, net soos in die vorige WBP-model.

3.4 Voortsetting van finansiering in die vorm van 'n beurs in tweede jaar geskied op grond van 'n akademiese prestasie van 'n *60% geweegde gemiddelde moduleprestasiepunt*. Gebaseer op statistiese data behaal ongeveer 50% van die werwingsbeurskandidate hierdie prestasie.

3.5 Kandidate wat nie die 60% geweegde gemiddeld behaal nie, se werwingbeurse verval en kandidate kan 'n US beurslenings, ekwivalent aan hul werwingsbeurs, opneem. Studente moet die beurslening na afloop van studies terugbetaal vir heraanwending op die deurdrakostes van ander studente se beurse.

3.6 Kandidate wat minder as 0.6 HEMIS-krediete in ŉ gegewe jaar behaal, se werwingsbeurs en beurslening verval, net soos in die vorige WBP-model.

3.7 Die jaarlikse tekorte in die nuwe model is gevolglik beduidend kleiner as in die vorige model, hoofsaaklik omdat ekstra kapasiteit in die US Beurse- en Leningskantoor geskep is om, waar geleenthede bestaan, die werwingsbeurse om te skakel na beurse wat deur maatskappye en NSFAS geskenk word.

3.8 Die deurdrakoste van beurse neem in later jare ook af, omdat studente wat onderpresteer, terugbetaalbare lenings in plaas van beurse ontvang.

Vanaf 2017 begin terugbetalings op lenings terugvloei en word weer beskikbaar vir werwing, soos uiteengesit in die volgende:

| 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R147,000 | R1,994,000 | R6,992,000 | R14,207,000 | R19,754,000 | R24,022,000 | R28,995,000 | R33,745,000 |

Let asb op dat die model reeds die terugbetalings op lenings verreken het. Om konserwatief te wees, maak die werwingsbeursmodel voorsiening vir 30% slegte skuld en 20% lenings wat op grond van goeie prestasie teruggeskakel word na beurse. Veranderings in hierdie tendense sal die projeksies beïnvloed.

3.9 Tabel 3 toon dat met verrekening van die aanvullende inkomste-strome die nuwe werwingsbeursleningsmodel lei tot ŉ veel meer volhoubare finansiële posisie.

**Tabel 3: Volhoubaarheid van voorgestelde werwingsbeursleningsmodel, 2015 – 2019**

| **Jaar** | **2014** | **2015** | **2016** | **2017** | **2018** | **2019** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Totale jaarlikse koste** | | **R65,3m** | **R83,7m** | **R97,5m** | **R119,3m** | **R142,9m** |
| Befondsing uit hoofbegroting | R44,0m | R50,1m | R55,6m | R61,5m | R68,6m | R74,1m |
| Reserwefonds | R30,0m | | | | | |
| Ontwikkelingskantoor | R5,0m | R6,0m | R7,2m | R8,6m | R10,4m | R12,4m |
| Herkapitalisasie deur US Raad | R25,0m | R25,0m | R25,0m | R25,0m | R25,0m | R0m |
| **Totale fondse beskikbaar** | **R104,0m** | **R81,1m** | **R87,8m** | **R95,4m** | **R104,0m** | **R86,5m** |
| Jaarlikse oorskot (+) of tekort (-) | R54,1m | R15,7m | R4,1m | R-2,3m | -R15,4m | -R56,3m |
| **Lopende oorskot (+) of tekort(-)** | | **+R69,9m** | **+R74,0m** | **+R71,7m** | **+R56,3m** | **R0** |

3.10 Die US Ontwikkelingskantoor is verbind om R5 miljoen in 2014, met ŉ jaarlikse groei van 20% as meganisme om tekorte te verminder, werf uit geskenkte fondse.

3.11 Verder dui Tabel 3 daarop dat die lopende oorskot op die werwingsbeursreserwe in 2019 uitgeput word.

## 4. VERSOEK AAN US RAAD

Die US Raad is gevra om die nuwe werwingsbeursleningsmodel goed te keur met dien verstande dat:

4.1 Die nuweling BSI-studente-inskrywingsteikens, soos goedgekeur deur die Raad tot en met 2018, nie verminder word nie en die aantal beurse behou word as 48% van die BSI-eerstejaarsteikens.

4.2 Befondsing uit die US hoofbegroting voortgesit word soos uiteengesit in Tabel 2.

4.3 Die werwingsbeursprogram vir 5 jaar te herkapitaliseer met R25miljoen per jaar, om die werwingsbeursfondsreserwe weer op te bou en om die langtermynverbintenis met beurshouers na te kom tot tyd en wyl die US Ontwikkelingskantoor beduidende geskenkte beursfondse inbring en afgestudeerde werwingsbeurshouers hul lenings begin terugbetaal (Tabel 3).

**Die US Raad het 'n bedrag van R103m goedgekeur wat oor 'n tydperk van 5 jaar oorbtaal word.**

4.4 Die projek jaarliks gemoniteer en dienooreenkomstige aanpassings gemaak word, sou aannames verander waarop die model gebaseer is. Dit sal die voorgestelde finansiële bekostigbaarheid verseker.

4.5 Die strategie vir werwingsbeurse in 2017 vir ingang 2019 grondig hersien word.

## 5. OPGEDATEERDE BEGROTING VIR WERWINGSBEURSE: 2016 - 2019

Die goedgekeurde begroting vir werwingsfondse is in tabel 5 hieronder aangepas met die volgende nuwe inligting:

- ➢ Die nuwe BSI-teiken vir 2016 is aangepas, soos ooreengekom met die fakulteite;
- ➢ Die Ontwikkelingskantoor het in 2014 'n bedrag van R1,7m oorbetaal as ongebonde werwingsfondse, wat R3,3m minder is as die gestelde teiken van R5m – hierdie beraamde inkomste is dienooreenkomstig afwaarts aangepas;
- ➢ Die totale uitgawe tov werwingsbeurse beloop tot dusver R63,2m en is R2,1m minder as die begrote uitgawe vir 2015. Die jaarlikse oorskot tov 2015, beloop dus R2,1m en is in berekening gebring by die modelering van die finansiële model.

**Tabel 5: Finansiële opsomming van aangepaste werwingsbeursleningsmodel, 2015 - 2019 (teikens vir 2016 aanvaar)**

| Jaar | 2014 ou model | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| BSI-teikens (uitgesonderd Krygskunde) | 1359 | 1 568 | 1 749 | 1 925 | 2 155 | 2 453 |
| **Teikens vir WBP beurse** (48% van BSI-teiken) | **665** | **753** | **857** | **924** | **1 034** | **1 777** |
| Beraamde beursaanbod (1ste Jaar) (= volle klasgeld van program) | R36 500 | R39 400 | R42 600 | R46 000 | R49 700 | R53 700 |
| Koste van nuwe inname** | R20,6m | R25,5m | R31,8m | R37,2m | R45,3m | R56,3m |
| Deurdrakoste: Beurse | | R38,8m | R40,7m | R35,6m | R39,5m | R46,7m |
| Deurdrakoste: Lenings | | R1,0m | R11,9m | R25,3m | R35,2m | R40,1m |
| **Totale jaarlikse koste** | | **R65,3m** | **R84,3m** | **R98,1m** | **R120,1m** | **R143,3m** |
| Befondsing uit Hoofbegroting | R44,0m | R50,1m | R55,6m | R61,5m | R68,6m | R74,1m |
| Reserwefonds | R30,0m | R2,1 | | | | |
| Ontwikkelingskantoor | R1,7m | R6,0m | R7,2m | R8,6m | R10,4m | R12,4m |
| Herkapitalisasie deur US Raad | R25,0m | R25,0m | R25,0m | R25,0m | R3,0m | |
| **Totale fondse beskikbaar** | **R100,7m** | **R83,2m** | **R87,8m** | **R95,4m** | **R81,9m** | **R86,5m** |
| **Jaarlikse oorskot (+) of tekort (-)** | R50,8m | R17,8m | R3,4m | R-3,0m | -R38,0m | -R56,7m |
| **Lopende oorskot (+) of tekort(-)** | | **+R68,7m** | **+R72,1m** | **+R69,0m** | **+R30,9m** | **-R25,7m** |

#Let wel: Die nuwe BSI-teikens is met fakulteite ooreengekom.